



## In hierdie uitgawe

- BI 1 Onder die wakende oog van die Kuratorium (Dr Johan Otto)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**  
Teologiese opleiding is ons erns  
Nuwe subredakteur aangewys
- BI 3 **Rade en Komitees 2009**  
Die debat oor Skrifbeskouing (Dr Gert Malan)  
Nuwe Diensboek amptelik in gebruik
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**  
**Ons Kerk se teologiese opleiding**  
Van der Hoff – 85 jaar van voorspoed (Marius Kramer)  
Van der Hoff Teologiese Vereniging 1981  
AIM se akademiese jaar begin  
HTK open vir 2009  
Voornemende teologiestudente
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**  
Die Bybel bly gewild in Suid-Afrika  
Beroepe aanvaar
- BI 7 **Gespreksforum**  
Val die domino's so? (Lesersbriewe)  
Uitnodiging
- Agterblad **Oordenking**  
Christus steeds in lyding ter wille van my bevryding  
(Ds Berend Greyling)

## Dr Gerhard Lindeque skryf in sy eerste redaksionele berig soos volg:

Een saak wat nog altyd vir die Kerk belangrik was, is die teologiese opleiding van predikante. Daarvan getuig die begroting van die Kerk reeds met die eerste oogopslag. Die grootste deel van gemeentes se bydraes tot die begroting, naamlik 12,9%, word vir teologiese opleiding aangewend. Dit beklemtoon die Kerk se erns met die saak.

Dit is dus vanselfsprekend dat lidmate van die Kerk dieselfde erns by die studente van die Kerk sou verwag. Die Kuratorium speel 'n belangrike rol daarin, naamlik om toesig te hou oor die studente van die Kerk. Ons studente moet besef watter voorreg dit is en dit waardeer om in hierdie ekonomiese tye sonder kommer oor klas-, losies- en boekegeld te kan studeer. Ons kan egter met vrymoedigheid uit die verslae wat die Kuratorium ontvang, aanvaar dat dit wel die geval is. Ons studente se akademiese prestasies asook hul kerklike meeleving is oor die algemeen baie goed. Lidmate kan gerus wees dat hulle deel van die offergawes wat vir teologiese opleiding aangewend word, goeie vrugte dra wat die studente aanbetref.

Dit geld ook vir die Kerk se dosente. In tye waarin die druk op die akademiese personeel by tersiêre instellings geweldig toegeneem het, slaag ons Kerk se dosente daarin om steeds uitmuntende diens te lewer. Ten

spyte van die feit dat ons Kerk se getal dosente aan die Universiteit van Pretoria met meer as die helfte verminder het vergeleke met byvoorbeeld 20 jaar gelede, word steeds dieselfde en selfs meer uitsette van hulle verwag ten opsigte van lesings en navorsing. Lidmate kan dus ook wat die dosente aanbetref gerus wees dat hulle offergawes met groot vrug aangewend word. Ons dosente verdien 'n woord van waardering vir die onbaatsugtige diens en die groot werkslading wat hulle dikwels te midde van onsekerheid blymoedig hanteer.

Ons het as Kerk baie waarvoor ons dankbaar en waarop ons in beskeidenheid selfs trots kan wees. Die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* word internasionaal hoog aangeslaan, ons dosente lewer gereed bydraes op internasionale forums, en van ons studente is toppresterders en beklee leiersposisies. Daarby kom nog die onskatbare bydraes wat die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) en die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) lewer, asook die sukses van die Hervormde Teologiese Opleidingsfonds wat voorsiening maak vir die toekoms.

In dit alles kan 'n mens die hand van die Here sien, en moet ons aan Hom alle eer gee. Die feit dat daar vanjaar weer 'n groot getal eerstejaarstudente aangemeld het vir teologiese opleiding, maak 'n mens opgewonde. Het die Heer van die kerk dalk 'n plan met sy kerk waarvan ons nie bewus is nie? Kom ons bid vir ons studente en dosente.

## **In die Kerknuus op bladsy 6 word berig oor die besondere gewildheid van die Bybel in Suid-Afrika:**

Gedurende 2008 het die Bybelgenootskap meer as 'n miljoen volledige Bybels (1 018 283) in Suid-Afrika versprei. Ds Gerrit Kritzinger, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, sê dis 'n bewys dat die Bybel steeds uiters gewild is onder die mense van Suid-Afrika.

Dit is slegs die tweede keer in die 188 jaar dat die Bybelgenootskap in Suid-Afrika werksaam is dat meer as 'n miljoen Bybels in een jaar in dié land versprei word. Die vorige keer was in 1984, en toe was die verspreiding van 'n nuwe vertaling in Afrikaans (1983-vertaling) grootliks daarvoor verantwoordelik.

Die meeste Bybels (293 079) is in Engels versprei. Tien verskillende Engelse vertalings is beskikbaar gestel – die gewildste was die *New International Version*, met 137 350 eksemplare.

Die Bybelgenootskap het die afgelope jaar 207 236 Afrikaanse Bybels versprei, bykans 55 000 eksemplare meer as die vorige jaar. *Die Bybel vir Dowes* is ook vanjaar bekendgestel, en die eerste oplaag van 4 000 eksemplare is binne 'n paar maande uitverkoop; die tweede druk het in Augustus verskyn.

In Zulu, die grootste taalgroep in Suid-Afrika, is 151 242 Bybels versprei, en in Xhosa 99 181 Bybels. In ses van die ander amptelike tale van Suid-Afrika is bykans 215 957 eksemplare versprei. Slegs een van die amptelike tale, Suid-Ndebele, beskik nog nie oor 'n volledige Bybel nie. Die Bybelgenootskap is tans besig met die vertaling van hierdie Bybel, en dit behoort binne 'n jaar of twee voltooi te wees.

Behalwe die Bybels wat in 10 van ons amptelike tale versprei is, was die Bybelgenootskap die afgelope jaar ook verantwoordelik vir die verspreiding van Bybels in Suid-Afrika in 'n verdere 76 ander tale. Dit het onder andere Bybels in Chewa, Frans, Lozi en Shona ingesluit.